## 10 Julie Psalm 16:1-11

### *Bely wie die Here vir jou is en ervaar lewensgeluk*

Dawid begin Psalm 16 met 'n gebed uit nood: "Neem my in beskerming, o God; ek soek skuiling by U". Maar verder is die Psalm vol belydenisse. Dawid sê aan die Here wie Hy vir hom is, wat Hy vir Hom doen en wat Hy vir hom beteken. Kom ons maak hierdie belydenisse ook ons eie.

Dawid bely in die eerste plek: "Ek behoort aan U". In dieselfde asem vergelyk hy hierdie voorreg met enigiets anders, maar hy besef: "Daar is vir my niks goeds nie, behalwe by U". Ons moet met groot blydskap dieselfde waarheid bely. En dit doen ons ook in Sondag 1 van ons Heidelbergse Kategismus, naamlik "dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort!"

Dawid se tweede belydenis is: "Here, U is my lewe". Dit sê hy omdat die Here vir hom sorg. En ons kan tog dieselfde bely omdat ons weet die Here is ons Skepper en ons Herskepper en daarom ook ons goeie Herder. Ons lewe en alles wat ons nodig het, ontvang ons van Hom.

Derdens bely Dawid: "Ek het die Here altyd by my". Ook dit moet ons met dankbaarheid bely, want die Heilige Gees woon onafgebroke in ons harte. Hierdie heerlike werklikheid bring lewensvolheid sodat ons saam met Dawid wil uitroep: "Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig".

Dawid bely ook: "U leer my hoe om te lewe!" Ons beaam dit want ons het die volle Bybel as ons lewensgids. En die Heilige Gees rus ons só toe dat ons graag die wil van God najaag. Hierdie kennis moet ons elkeen laat bely: "By U is daar oorvloedige blydskap. Uit U hand kom net wat mooi is".

Sing: Psalm 9:1, 7 Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)